Verbond = Liefdes ooreenkoms

Ark Blitz

Gr 1- NOAG

Maats behandel: Gen 6 – 10

Welkom: Wanneer die kinders aankom, fluister in elke kind se oor die naam van ‘n dier. Wanneer almal daar is, verduidelik dat elkeen die geluid moet maak van die dier wat in sy oor gefluister is. Nou moet hulle die ander met dieselfde geluid soek sodat die dierefamilies bymekaar kan kom. Gee aan elkeen ‘n prentjie van ‘n dier. Hulle kry nou 2 minute om hul dieremaatjie te soek (die een met dieselfde prentjie). Moenie die prentjie verloor nie en sit langs jou dieremaatjie.

Vertel: God het gesien die mense op die aarde volg nie meer Sy plan nie en dat hulle harte vol lelike dinge was. Dit het God baie hartseer gemaak en Hy was bedroef dat Hy die mens gemaak het. Van al die mense op die aarde was dit net Noag wat nog God se plan gevolg het. Vandag kyk ons na alles wat met Noag gebeur het. Noag was 600 jaar oud toe hy die ark begin bou. Noag het alles presies gedoen soos God vir hom beveel het. Die diere, voëls en 8 mense (Noag, sy vrou hule 3 seuns Sem, Gam en Jafet en hulle vroue) was veilig in die ark. Die Here het die ark se deur toegesluit. Toe die grond droog genoeg was na die vloed het God hom bevel om uit die ark te gaan. Noag was 601 jaar oud. Noag het ‘n offer aan God gebring en God het die offer. aanvaar. God het ‘n verbond gesluit met die mens sy nageslag en al die lewende wesens by hulle. Die Reënboog in die wolke het God as teken van Sy verbond geplaas om nooit weer vloedwaters oor die aarde te laat kom, wat alle lewende wesens op die aarde sal uitroei nie.

Vrae en dinge waarop ons fokus: Wat dink julle het die mense verkeerd gedoen? Hoe dink julle het die ark gelyk? Wat dink julle het die ander mense gesê toe Noag so ‘n groot ark bou? Hoe lyk ‘n reënboog? Dink net hoe het Noag gevoel toe hy die reënboog sien. Ons noem die kleure van ‘n reënboog. Wat is ‘n verbond en ‘n offer? 8 mense is gered. Hoe skryf ons die nommer 8.

Aktiwiteit vir werskaf:

1. Kopieer die ark en reënboog/wolke op karton. Laat die kinders dit inkleur en uitknip. Vou albei prente op die stippellyne sodat hulle op hul eie kan staan.
2. Help die kinders om ‘n reënboog van papier te maak.
3. Verf reënboogkleure in ‘n koekpannetjie wat met foelie uitgevoer is. Spuit skeerroom bo-oor. Laat die kinders prentjies in die skeerroom teken met hul vingers. Die reënboogkleure skyn deur.

Die kinders kan self die storie vertel:

Begin met Noag aan die voorkant. Draai die ark om wanneer jy vertel van die diere in die ark. Sit die reënboog/wolke prent bo-oor die ark met die donderwolke voor as jy vertel van die baie reën. Draai die prent om sodat die reënboog aan die voor-kant is as jy by die volgende ontmoeting vertel van die reënboog